



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Simeon se gebed

Lukas 2:29-32

Dit is die kort gebed van 'n mens in nood, wat afsluit met vasberade kalmte, vertrouwe en versekering. Simeon bid vreugdevol tot God dat hy onbeskryflike vrede in sy lewe ervaar nou dat hy Jesus vasgehou het.

Christene kan deur Simeon se woorde opnuut betekenis en vrede vind in die verlossing wat Jesus gebring het.

Sy woorde het deur die jare heen 'n manier geword waardeur elke lewe opnuut kan fokus op God en hierin volle lewensbevrediging kan vind.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas die gebed by jou lewe in?

Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?

Bid hierdie teksgedeelte.

Simeon se gebed is 'n herhinnering dat die soeke na vervulling jou naby aan God bring. Omdat net God betekenis aan jou lewe kan gee.

(Bybel 24/7)



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

21 Gebede

Simeon se gebed

Kyk na verse 28-32 waar daar soveel detail is, dat ons elke woord of frase moet oorweeg. Wat leer ons oor die gebed van Simeon?

Dit het begin met aanbidding (verse 27-28). Simeon het God geprys. Hy het nie met versoekskrif of bekentenis begin nie, maar met aanbidding. Waarvoor kan jy vir God vanoggend aanbid of eer?

Dit erken God se soewereiniteit; vers 29 vertel dat Simeon sy gebed begin het met die woorde 'Soewereine Heer', met erkenning aan God se grootsheid en gesag en dat hy slegs sy dienskneg was, 'n slaaf. Hoe beleef jy God se gesag en versorging vandag?

Dit het erkenning gee dat God aan die werk is; in vers 29 het Simeon gesê, "soos u belowe het". Waar is God in jou lewe aan die werk?

Dit was 'n nederige gebed; in vers 29 het Simeon erken dat hy God se 'dienskneg' was, een wat gewag het om die wil van sy heer te doen, maar swak, onwaardig en inderdaad nutteloos.

Dit berus op God se belofte; in werklikheid het hy gebid, 'Here, U het belowe dat ek nie sou vertrek voordat ek die Verlosser gesien het nie. Nou het ek Hom gesien. Laat my gaan soos u belowe het! Aan watter beloftes van God kan jy vandag vashou?



Quellerina Gemeente